

**21 Januarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 21:7-19**  
**Fokusgedeelte: Lukas 21:10, 11**

### **Die stukkende wêreld waarin ons leef en getuig**

Die wêreld waarin ons moet getuig, is nie net 'n wêreld van verskeurende wolwe nie, maar ook 'n stukkende wêreld. Daar is oorloë en konflik en bittere vyandskap. Daar is verskriklike armoede en hongersnood. Daar is skrikwekkende natuurrampe, aardbewings en oorstromings en wat nie alles nie. Die televisie het dit naby gebring, tot binne-in ons huise.

Die ontstellendste is dat daar selfs in ons eie land, 'n hanetree van ons af, mense is wat in uiterste armoede leef. Dit gryp 'n mens in die hart as jy 'n plakkerskamp sien wat tot op die grond afgebrand het en inwoners wat verslae by die oorblyfsels van hulle karige besittings staan. Dit skok jou as kinders vir jonger boeties en sussies moet sorg omdat pa en ma vigs-slagoffers was. Dit maak jou bewoë as bejaardes nie kos het vir môre en oormôre nie. Ons is gewaarsku dat dit gaan kom. Jesus Christus het dit vooraf vir ons gesê. Dit is egter nie iets wat ons maar gelate moet aanvaar en waarby ons moet berus omdat dit onafwendbaar is nie. Nee, dit moet veel eerder vir ons 'n wekroep wees om in gehoorsaamheid aan die opdrag van Jesus Christus uit te gaan en die evangelie aan al die nasies te verkondig.

Die evangelie is egter nie net woorde nie. Dit is ook daad. Jy moet die liefde van Christus en die helende werking van die Heilige Gees konkrete gestalte gee deur jou hart en jou beursie vir mense in nood oop te maak. Tog doen jy dit nie in die eerste plek vir mense nie, maar vir die Een wat jou gestuur het. Want: "Ek was honger en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors en julle het My iets gegee om te drink ... Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen" (Matt. 25:35 & 40).

*Sing: Psalm 146:5 (1936)*

*Ds. CJH Breed (Secunda)*